

# JAARVERSLAG 2017

## REKLAME & BEMARKING, JEUG-AKSIE & KOMMUNIKASIE

Petro Grové



Dit is vir my 'n voorreg om te kan verslag doen van die afgelope jaar se werksaamhede binne bg. portefeulje.

### PUBLIKASIES

As deel van die reklame veldtog, is die doel onder meer om so wye mark as moontlik d.m.v. SA Boerperd artikels in gesaghebbende glanstydskrifte, sowel as reklame vir skoue te publiseer. Dit is baie duur om spasio in tydskrifte te koop en kan tot R 40 000.00 per bladsy beloop. Deur die loop van die afgelope twee jaar, is daar egter verhoudings opgebou by onderskeie tydskrifte om sodoende gratis artikels van tot 7 bladsye te kon plaas. Gewoonlik verwag die uitgewers tydskrif dat ons dan teen 'n spesiale verminderde tarief wel advertensies van SA Boerperd Stoete daarby sal plaas. Na elke artikel, is die eienaar van al die perde van wie foto's in die artikels geplaas is, sowel as al die lede (deur die Communicator) gekontak om te kan deel aan die spesiale afslag. Baie dankie aan die stoet eienaars wat hierdie inisiatief ondersteun het. Die volgende artikels is geplaas:

- Grové, P. **THE SA BOERPERD AT SANESA.** *HQ*: February 2017, Pp. 18 – 21. Panorama.
- Grové, P. **SA BOERPERD.** *SA Sporting Horse*: February 2017, Pp.40 -43. Silvermane.
- Grové, P. **SA BOERPERD – MODERN TRENDS.** *International Show Horse*, April 2017. Pp. 134 -139. Silvermane.
- Grové, P. **SA BOERPERD – NATIONAL CHAMPIONSHIPS.** *SA Sporting Horse*. October 2017. Silvermane.
- Artikels van studente van KOVSIES rakende die merkers van die hoogte van perde bepaal, is nog hangende.

ARVERTENSIES: Volblad advertensies is geplaas om artikels op te volg.

- SA SPORTING HORSE: Junie 2017
- INTERNATIONAL SHOW HORSE: April 2017

### SKOU REKLAME

RADIO ONDERHOUDE:

In die tydperk voor die Nasionale Kampioenskappe, is Radio onderhoude gevoer deels met die doel om

1. Die Boerperd as ras bekend te stel
2. Die Nasionale Kampioenskappe te adverteer.

Hierdie onderhoude het soos volg plaasgevind:

- **OFM Stereo** – telefoniese onderhoud, vooraf opgeneem en twee keer uitgesaai.
- **IFM Stereo** – plaaslike radiostasie in die Vaal Driehoek. Onderhoud 10 Julie 2017
- **VCR Stereo** – plaaslike Radiostasie in die Vaal Driehoek. Onderhoud 14 Julie 2017.

Reklame artikels met skou-inligting was op bg. stasies se onderskeie webblaaie beskikbaar.

Die Nasionale Kampioenskappe is ook as “event” op hulle radiokalenders uitgesaai.

### KOERANT ARTIKELS

Reklame artikels deur Caxton Publikasies is vir die Nasionale Kampioenskappe goedgekeur en die volgende plaaslike koerante in die Vaal Driehoek geplaas:

- Vaal Weekblad
- Vanderbijlpark Stêr
- Veneeniging Stêr
- Meyerton Stêr
- Parys Gazette



- 'n Reklame artikel is ook op aanvraag van Mnr. Theunis Pretorius aan die *Natal Witness* gestuur vir reklame van die KZN Streekkampioenskappe.
- Foto-uitslae van die Vrystaat Streekkampioenskappe deur Fotojan (Tertius Genade) aan die Landbou Weekblad voorgelê vir publikasie.

## WEBBLAD

Ons webblad administrateurs is *Quicksolve*. Die bestuur van die webblad sluit in dat alle dokumentasie wat op die webblad geplaas word, eers vir akkuraatheid, formaat en tegniese versorging nagegaan moet word alvorens dit aan die webblad administrateurs deurgestuur word. Daar is gepoog om op 'n kontinue basis alle dokumentasie so professioneel as moontlik in Afrikaans en Engels deur te gee sodat dit internasionaal toeganklik is. Dokumentasie, skou-inligting, foto's ens., is gereeld opgegradeer. Daar bestaan 'n probleem rakende die plasing van foto's op die webblad vir Streekkampioenskappe, aangesien daar nie altyd 'n fotograaf aangestel word nie. Individue is genader vir foto's maar dit is dikwels nie gestuur nie. Alle foto's moet ook steeds voldoen aan die standaard vir plasing volgens die Mediabeleid. Indien daar ongelukkigheid oor foto's bestaan, probeer ons om dit sover moontlik binne die raamwerk van die Mediabeleid aan te spreek.

Dokumentasie is geherstruktoreer soos op AJV 2016 verduidelik en was op die webblad beskikbaar vanaf 4 Januarie 2017 vir implementering, sowel as insette en voorstelle. Die struktuur breë is soos volg:

- Afdeling A: Administrasie
- Afdeling B: Kuddebeheer
- Afdeling C: Skoue & Kampioenskappe.

Onderskeie mense is geraadpleeg om te help proeflees.

## FACEBOOK

Die amptelike *Facebook* profiele is steeds die volgende:

- SA BOERPERD TELERSGENOOTSTAP / SA BOERPERD BREEDERS' SOCIETY – Die blad word slegs gebruik vir amptelike aangeleenthede.
- SA BOERPERD – Die blad is oop vir advertensies.
- SA BOERPERD JEUG AKSIE / YOUTH ACTION – Jeugaktiwiteite word hierin bevorder, waar die jeug (of hulle ouers) gereeld versoek word om hulle prestasies met foto's te deel. Baie dankie aan almal wat gereeld 'n bydrae in die verband lewer.

Dit blyk 'n probleem te wees dat daar dikwels individue is wat geneig is om hulle dikwels oningeligte griewe en ongegronde aantygings op die openbare platvorm te lig en so ons ras se beeld skade aan te doen. Baie dankie aan ons lede wat dit op 'n positiewe manier hanteer.

## JEUG-AKSIE

Die Jeugraad het gedurende die SANESA Nasionale Kampioenskappe 2016 (6-8 Oktober 2016), vir die 2de jaar 'n SA Boerperd stalletjie beman waar gratis snoeperye, kennis en ander dinge uitgedeel is as deel van die bemarking. Dit het gesorg vir 'n lekker kuierpunt.

Daar was vanjaar min geleentheid gehad om spesifieke funksies aan te pak aangesien die skoue baie vol was en daar min tyd daarvoor beskikbaar was. Hulle het egter by elke streekkampioenskap, sowel as by *Horse of the Year*, met die jeug onderling geskakel. Hulle primêre funksie bly steeds om 'n skakel te wees met alle jong SA Boerperd ruiters, of hulle lede is van die Genootskap, al dan nie. Mia Joubert was gedurende 2016/7 hoofmeisie, met Marnise Lambrechts onderhoofmeisie. Na SANESA Nasionale Kampioenskappe sal hulle weer in hulle onderskeie provinsies ruiters wat 0/19 ry in 2017 voorstel en in hulle onderskeie provinsies kies. Die Jeugraad stem dan intern vir 'n hoofseun/dogter wat beskikbaar is vir die portefeulje.

Die JEUGRAAD het van vanjaar af ook 'n projek geloods om die skrywe Juliette Whelpton te betrek in die versameling van SA Boerperd spesifieke verhale. Sy is die bekende skrywer van die reeks HELDE MET HOEWE en het ingestem om 'n bundel saam te stel wat slegs SA Boerperd kortverhale sal insluit. Tydens die Nasionale Kampioenskappe is talle verhale reeds om die kampvuur gedeel. Haar plan is om van daar af onderskeie individue persoonlike op te soek om hulle verhale te dokumenteer. Ons sal haar daarmee bystaan, asook help met die verspreiding en bemerking daarvan.

### **COMMUNICATOR**

Baie dankie aan die borge van kalendermaande van 2017, sowel as 2018 wat dit vir ons moontlik maak om die Communicator te kan bestuur sonder enige addisionele koste vir die Genootskap. Daar is tans sowat 75% lede van die Genootskap wat gebruik maak van die Communicator. Bo en behalwe die lede, is daar ook heelwat ander belangstellendes (eienaars of ruiters van SA Boerperde), wat dit addisioneel gebruik.

Die Communicator is ook vir die eerste keer tydens die Nasionale Kampioenskappe 2017 gebruik vir dringende boodskappe en kennisgewings aan vertoners. Dit is moontlik dat afkondigings nie altyd gehoor word nie.

### **KLEREREKKS**

'n SA Boerperd klerereeks is op die webblad beskikbaar gestel. Die doel daarmee is om spesifiek die SA Boerperd as handelsmerk in die mark te vestig. Daarom is spesifieke items en dan in spesifieke kleure, uitgesoek. Dasse met die SA Boerperd wapen as watermerk is laat weef kan tydens skoue gedra word. Ons moedig graag alle vertoners aan wat veral buite die SA Boerperd Genootskap skou, om hierdie klere met trots te dra en so ook indirekte bemerking van ons ras te doen. Voorbeelde word tans ook gemaak van 'n "daysheet" en "traveling boots" vir perde om daarby aan te sluit. Ons wil graag hê die SA Boerperd moet professioneel vertoon tydens skoue. Alle bestellings word elektronies geplaas en deur XCO hanteer.

### **SA BOERPERD PERMANENTE REKLAME BORDE – Afri-Dome, Parys**

Twee permanente advertensieborde (groottes 24215 x 1360 mm), is gedurende Julie 2017 laat maak en opgesit as permanente reklame in die Afri-Dome, Parys. Dit was reeds beskikbaar tydens die Nasionale Kampioenskappe 2017.

Elke SA Boerperd teler, eenaar, ruiters, koetsier, afrigter, keurder en beoordelaar tree, tree waar hulle ook al gaan, op as ambassadeurs en dus bemerkers van ons ras.

Baie dankie aan almal wat die SA Boerperd ras se naam positief uitdra.